# Eenheid 22 Geïntegreerde taalaktiwiteite

*Antwoorde op bl. 162*

## Aktiwiteit 21

1. Lees die leesstuk en voer die instruksies uit. Skryf die nommers (a) tot (o) onder mekaar neer en skryf jou antwoorde langs die betrokke nommers neer.

### Mishandelde "katte" van Europa kry nuwe tuiste in Shamwari

'n Luiperd wat jare **(a)** (lank/lang) op 'n kroeg se dak aangehou is, asook twee **(b)** (mishandel) leeus van 'n **(c)** (Europa) dieretuin, het 'n nuwe tuinste in 'n Suid-Afrikaanse reservaat gekry.

Die diere is deur die Born Free Foundation **(d)** (by/na) die Shamwari reservaat gebring. Hulle is in hul kampe vrygelaat en het teen Donderdag aan die geëlektrifiseerde heining begin gewoond raak.

Kuma, die luiperd, is in 'n klein **(e)** (hok) op die dak aangehou.

Die Born Free Foundation het die leeus wat op **(f)** (dieselfde/die selfde) dak aangehou is, sowat twee **(g)** (jaar/jare) **(h)** (verlede/gelede) na Shamwari gebring.

Die leeus, wat **(i)** (vroeg) hierdie week in die **(j)** (Ooskaap/Oos-Kaap) aangekom het, is van 'n dieretuin in Athene gered waar hulle in 'n voëlkou aangehou is. Die Foundation het hulle **(k)** (gekoop/verkoop) nadat hulle in 'n **(l)** (televisie program/televisieprogram) van hulle **(m)** (____) hore gekom het. Hulle kan ongelukkig nie in die reservaat vrygelaat **(n)** (____) nie, want hulle kan nie self **(o)** (jaag/jag) nie.

**(a)** Kies die korrekte woord.
**(b)** Gee die korrekte vorm.
**(c)** Gee die korrekte vorm.
**(d)** Kies die korrekte woord.
**(e)** Gee die korrekte vorm.
**(f)** Kies die korrekte spelvorm.
**(g)** Kies die korrekte woord.
**(h)** Kies die korrekte woord.
**(i)** Gee die korrekte vorm.
**(j)** Kies die korrekte spelvorm.
**(k)** Kies die korrekte woord.
**(l)** Kies die korrekte spelvorm.
**(m)** Gee die ontbrekende woord.
**(n)** Gee die ontbrekende woord.
**(o)** Kies die korrekte woord. [15]

2. In die volgende advertensie is daar vier taalfoute en ses spelfoute. Skryf die hele advertensie oor en verbeter die foute. Onderstreep elke verandering wat jy aanbring. [10]

### Verspryders gesoek

Vervaardigers van gehalte-damesklere in Taiwan soek vir verspreiders. Ons produkte word spesifiek ontwerp vir die Suid Afrikaanse mark. Bepaal u uie finansiele toekoms. Dit is maklik en binne almal se beruik. Ons se resep vir sukses is alreeds meer as vyf jare lang beproef en dit werk. U minimum kapitaaluitgawe is R3 000. In ruil vir dit word u deel van 'n wenspan. Vir persoonlike advies, skakel Patricia by 012 808-5321 gedurende kantoorure.

3. Vul die ontbrekende woorde in na aanleiding van die **grapprent**:



Die een brandweerman is besig om 'n brand te **(a)** ____ deur water op die vlamme te **(b)** ____, maar **(c)** ____ maat se aandag is elders. [3]

4. Verwys na die volgende prentjie en beantwoord die vrae daaroor.




**(a)** Verbind die sinne met die woorde tussen hakies:
Die meisie is nie seker of sy universiteit toe moet gaan nie. Sy het agtergekom. Daar is lesings. (aangesien; dat) (2)

**(b)** Gee die ontbrekende woorde:
'n Mens studeer ____ 'n universiteit om 'n graad of diploma te ____. (2)

5. Bestudeer die volgende grapprentjie. Skryf dan die sinne oor. Begin soos aangedui.




(a) Kan Oupa nog aan sy tone raak?
*Nee, ...* (2)

(b) Wil Oupa hê ek moet Oupa se tone raak?
*Die seuntjie vra vir sy oupa ...* (2)

6. Beantwoord die volgende vrae oor die volgende prentjie.




(a) Gee een woord vir die woorde tussen hakies:
Die vrou wil graag (baie skraal) lyk. (1)

(b) Gee die regte vorm van die woord tussen hakies:
Die spieël is miskien (duur) as die rok. (1)

(c) Voltooi die sin:
Die vrou sê vir die assistent dat ..., want ... (2)

[12]

**[40]**